# GEREFORMEERDE KERK – CARLETONVILLE

TELEFOON: 018 787 5444
Faks: 018 787 5444
Sel: 082 770 2669

POSBUS 5
CARLETONVILLE
2500

E-pos: gkcarletonville@gmail.com
Dienstye: 09h00 en 17h00 (somer: 18h00)

**AD 20 Oktober 2010**

Streeksinode Randvaal

**BESKRYWINGSPUNT VAN DIE GEREFORMEERDE KERK CARLETONVILLE GERIG AAN STREEKSINODE RANDVAAL GEHOU OP 23 NOVEMBER TE GK EDENVALE**

Geagte Broeders,

1. *Eerstens*, op 'n punt van orde, versoek ons dat ons beskrywingspunt behandel sal word voor die Openlike Verklaring afgelê word, omdat dit juis daardie sake raak, soos u sal sien in die inhoud van ons beskrywingspunt.

2. *Tweedens*, die inhoud:

U is bewus daarvan dat die GK Linden kerkordelik in stryd optree teen KO art.31, deur vroue tot die besondere amp van ouderling te verkies, in stryd met wat besluit is deur die nasionale sinode in Julie 2009 (Hier onder aangeheg *Aanhangsels 1-4* as al die korrespondensie tot op datum van hierdie skrywe, met die GK Linden, asook hul amptelike besluite oor die vrou in die besonderse ampte). Dr. Jan Visser verduidelik as volg by art.31 KO:

> *Die besluite van alle kerklike vergaderings, wat wettig met meerderheid van stemme geneem is, is vas en bindend. Dit beteken dat alle kerke en lidmate binne die gebied van die vergadering wat die besluit geneem het, hulle daaraan moet hou en daaraan uitvoering moet gee. Om eensydig en eiewillig sulke besluite te ignoreer en te maak asof dit geen regskrag het nie, is onordelik en onaanvaarbaar. In wese is dit nie gereformeerd nie, maar independentisties. Dit kom prakties neer op verbreking van kerkverband.*[1] *… Indien iemand nie in die meerderheidsbeslissing kan berus nie, mag hy nie eiewillig die besluit "tersyde stel" en maak asof so 'n besluit nie bestaan nie. Hy moet hom aan die genome besluit hou omdat dit vas en bindend is, en kennis gee van beswaar of appèl.*[2]

Ons versoek u as streek-sinode om met GK Linden as volg te handel ter wille van die orde en heil van Jesus Christus se gemeentes in ons streeksinode:

1. dat die kerkraad van die GK Linden daarop gewys sal word om hul besluit en praktyk aangaande die bevestiging van vroue as ouderlinge weer in lyn te bring met Skrif, belydenis en Kerkorde, soos ons kerke saam besluit het by die sinode in Julie 2009,

[1] *Die Kerkorde in Praktyk* (Pretoria: DBU, 2006), 131.
[2] *Ibid*., 128.

2. dat die GK Linden die kerkordelike weg van KO art.31 sal volg, indien hul van mening is dat die nasionale sinode nie ‘n regte besluit geneem het in Julie 2009 nie.

3. dat indien die GK Linden nie hul besluit en praktyk wil herroep nie, hul tot dan nie aan die verdere kerkregering op meerdere vergaderinge (klassis, streeksinode, nasionale sinode) sal deelneem nie, omdat dit die geloofwaardigheid van die betrokke gemeentes se geloofsbriewe en die Openlike Verklaring van ons kerke saam, in gedrang bring, asook gewetensbesware bring by gemeentes wat saam met u regeer in meerdere vergaderings. Dr. Visser skryf:

> *Meerdere vergaderings kom byeen op grond van die eenheid in Belydenis, liturgie* ***en kerkregering****, waarop kerkverband berus. Hierdie eenheid word verwoord in die "Openlike Verklaring" wat aan die begin van elke meerdere vergadering gelees (behoort te ) word. Afgevaardigdes betoon hul instemming daarmee deur op te staan. Wie weier om instemming daarmee te betuig, verbeur sy sittingsreg* [3]

---

Klassis Groter-Jhb het ons aanbeveel om weer met Linden te gaan gesels, wat ons gaan doen (sien aanhangsels), maar broeders, ons wil dit graag baie duidelik stel: nie hoeveel gesprekke gevoer is met die GK Linden is op die spel nie, maar die kerkordelike vraag: kan Linden as gemeente wat tans nie die sinode se besluite uit voer nie, wat nie KO art.31 volg nie, wat nie hul besluite wil herroep nie, wat in stryd optree met die inhoud van die Openlike Verklaring, saam met ons gemeentes regeer ?

Indien ons as gemeentes vergader in streekverband, Linden toe laat om saam met ons die Openlike Verklaring af te lê, en saam met ons te regeer, terwyl almal weet Linden onderskryf nie ons eenheid op grond van belydenis, liturgie en kerkregering soos ons kerke saam besluit het nie, dan oortree ons saam die 9de gebod. Die GK Carletonville wil dit verhoed en ons gemeentes saam met Linden help om die waarheid te spreek en die kerklike weg te volg van art.31.

Ons as kerkraad stel dit hoog op prys dat die klassis ons beskrywingspunt se inhoud biddend sal oorweeg en daarmee ten goede sal handel ter wille van die eer van Koning Jesus Christus en die wettige orde en eenheid van sy kerke in ons streeksinode (Randvaal).

**Vriendelike groete**

________________________ ________________________

**Ds S. Le Cornu (voorsitter)** **oudl. RP Wiesner (skriba)**

[3] *Ibid*, 142. Beklemtoning bygevoeg.

## *Uittreksel van Notule van die Kerkraadsvergadering op 26 November 2006*

**Gereformeerde Kerk Linden ("GKL")**

| | | |
|---|---|---|
| 12 | VROU IN DIE AMP | |
| BESLUIT: | 1. Dat alle vrouelidmate in die GKL sal in al die ampte (diaken, ouderling en predikant) verkiesbaar wees.<br>2. Hierdie besluit reeds vanaf volgende Sondag in die nuusbrief verskyn en in elke daaropvolgende nuusbrief.<br>3. Die benoeming van addisionele ouderlinge sal op die volgende vergadering bespreek word. | |

## *Uittreksel van Notule van die Kerkraadsvergadering op 26 November 2009*

| | |
|---|---|
| *7.6* | *Voortsetting van die Sinode: Vrou-in-die-ampte* |
| BESLUIT: | Die 2006-besluit van die GKL:<br>Dat die kerkraad nie hul besluit van 2006 oor die Vrou in die Amp terugtrek of verander nie. |

Skriba: LA van Eeden